

Die proses van Vernuwing WEDERGEBOORTE

Wedergeboorte is 'n persoonlike en werklike ontmoeting met Jesus.

Dit is 'n bonatuurlike werking van die Heilige Gees in my deurdat God se Gees in aanraking kom met my gees en my gees kom bewoon wanneer ek in geloof deur 'n wilsbesluit Jesus Christus as my Saligmaker aanneem.

Joh 3:1-6 “ En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode. ⁽²⁾ Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie. ⁽³⁾ Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. ⁽⁴⁾ Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? ⁽⁵⁾ Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. ⁽⁶⁾ Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.”

- Jesus het die ervaring van 'n ontmoeting met Hom beskryf as 'n tweede geboorte.
- Sonder die ervaring van wedergeboorte kan niemand in God se koninkryk ingaan nie.

Joh 1:13 “ wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is”

- Die ervaring is 'n werk wat slegs deur die Heilige Gees in 'n mens se lewe gedoen kan word.

Efe 2:8 “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;”

- Geen mens kan wedergeboorte bewerk of verdien nie, dit is 'n geskenk en 'n werk wat deur God self deur genade doen.

1Kor 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.

- Deur wedergeboorte is die verhouding met God weer herstel omdat Gees weer kan kommunikeer met gees.

God se plan met die mens

Skepping

God wil met die mens in 'n verbond staan.

Gen 17:7 “Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou, in hulle geslagte, as 'n ewige verbond. Om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou.”

Sondeval

God en mens se verhouding verbreek

Elke mens word 'n sondaar gebore.

Gevolg van die gebroke verhouding is die ewige dood.

Rom 3:23 “want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God,”

Rom 5:12 “Daarom soos deur een mens die sonde in die wereld in gekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat alle mense gesondig het.”

Rom 6:23 “Want die loon van die sonde is die dood.”

God se liefde

God voorsien 'n plaasvervanger:

Jesus – Seun van die mens.

Jesus betaal die volle prys.

Joh 3:16 “Want so lief het God die wêreld, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

1Pet 2:24 “wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.”

My Redding

Jesus is my middelaar tot die Vader.

Ek word versoen met Vader.

As ek Jesus het, het ek die ewige lewe.

Joh 14:6 “Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”

2Kor 5:17-18 “Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. ⁽¹⁸⁾ En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,”

Joh 3:36 “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.”

1Joh 5:12 “Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie”.

My reaksie

Besef dat ek in sonde is en verlore is.

Berou en belydenis dat ek 'n sondaar is.



Ontvang vergifnis en vryspraak.

Joh 16:8 “en as Hy (H Gees) kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:”

1Joh 1:8-9 “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie. ⁽⁹⁾ As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.”

Rom 10:9 “As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;”



Sekerheid van saligheid

My erfenis en toekoms verseël.

1Joh 5:13 “Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.”

Versoen met die Vader

God se plan met my lewe is sukses

2Kor 6:1-2 “En as medewerkers vermaan ons julle ook dat julle die genade van God nie tevergeefs mag ontvang nie. ⁽²⁾ Want Hy sê: In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil”.



Wedegeboorte gebeur as die volgende plaasvind

God trek my in Sy liefde.

Joh 6:44 “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.”

Ek ervaar 'n leemte in my lewe of 'n krisis situasie.

2Kor 7:10 “Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood.”

Die Heilige Gees oortuig my ek is 'n sondaar.

Joh 16:8 “en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:”

Ek maak 'n kwaliteit wils besluit.

Joh 1:12 “want aan almal wat Hom aangeneem het, het Hy die vermoë gegee om kinders van God te word.”



Ek bely met my mond en glo met my hart, Jesus het die volle prys vir my betaal.

Rom 10:10 “ want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.”

Spr 18:21 “Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet”.

Ek aanvaar volgens die Woord dat ek vergewe, vrygespreek en ‘n nuwe mens is.



2Kor 5:17 “ Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.”

Die gevolge van wedergeboorte in my:

1. Ek is versoen met die Vader, Jesus deur die Heilige Gees.

2 Kor 5:18 “ en dit is alles uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het.”

2. Ek is ‘n nuwe skepsel met ‘n nuwe (God se) natuur

2 Kor 5:17 “Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.”

3. Verlossing van die mag van sonde, bese en dood.



Efe 1:7 “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,”

Kol 1:13 “ Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde”,

4. Ek is gereinig van alle sonde, en dit is uit die weg geruim.

Tit 3:4-6 “Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het--⁽⁵⁾ nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees⁽⁶⁾ wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser;”

Kol 2:14 “en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,”

a. Vergewe

Mat 9:5 “ Want wat is makliker, om te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staen op en loop?”



b. Uitgedelg

Luk 7:48 “ En Hy sê vir haar: Jou sondes is vergewe.”

Kol 2:14 “en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,”

c. Verwyder

Ps 103:3-4 “Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, ⁽⁴⁾ wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede,”

Ps 103:12 “So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.”

d. Dink nooit weer daaraan nie.

Jes 43:25 “Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie.”

5. Ek beklee 'n posisie van geregtigheid voor God.



Rom 5:1 “Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;

Rom 8:1 “Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.”

1Kor 6:11 “ En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.”

6. Ek het die ewige lewe as erfenis gekry..



1Joh 5:11 “En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.”

7. Ek het heerskappy oor die duiwel, bese magte en dood..

1 Joh 5:18 “ Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bese het geen vat op hom nie.”

8. Ek besit 'n nuwe bewustheid van reg en verkeerd.



Joh 16:13 “Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.”

1Joh 2:27 “En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.”

9. Ek het 'n honger na God se Woord

Job 23:12 “Van die gebod van sy lippe het ek nie afgewyk nie; die woorde van sy mond het ek bewaar meer as my eie wet.”

Ps 119:47-48 “ En ek wil my verlustig in u gebooe wat ek liefhet, ⁽⁴⁸⁾ en my hande ophef na u gebooe wat ek liefhet, en u insettinge oordink”.



Ps 1:1-6 “ Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; ⁽²⁾ maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. ⁽³⁾ En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. ⁽⁴⁾ So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. ⁽⁵⁾ Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie. ⁽⁶⁾ Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.”

10. Ek het 'n begeerte na 'n nuwe, veranderde lewe.

Fil 3:14 “Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.”

11. Ek beleef 'n toename in **beproevinge**.

2 Ti 3:12 “ En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus sal vervolg word.”

12. Ek beleef 'n groter liefde vir mense.

Gal 4:19 “my kinders, vir wie ek weer in barensnood is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry.”

13. Ek het 'n groter begeerte na die geestelike as na die vleeslike.

Joh 4:14 “ maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewigheid.

14. Ek wil van Jesus vertel.

1Pet 3:15 “ Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees;”

15. 'n Begin van 'n groei proses na volwassenheid in Jesus.

Efe 4:13 “totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;”

16. Elke oomblik van my lewe kan ek in God se teenwoordigheid leef.

Heb 10:19-22 “ Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus ⁽²⁰⁾ op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, ⁽²¹⁾ en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, ⁽²²⁾ laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.”

Die volgende vrae moet jy eerlik en opreg vir jouself beantwoord. Niemand anders, as net jy, jouself, kan die vrae beantwoord nie. wees vir eens en vir altyd eerlik met jouself. Die is lewens belangrik. Dis nie speletjies nie.

- **Is jy al wedergebore?**
- **Het jy sekerheid van saligheid?**
- **Is jy versoen met Vader?**

Is jy gereed om God se kind te word?

Jy kan dit nou word deur die volgende eerlike gebed:

Hemelse Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus wat ek as MY verlosser wil leer ken. Ek kom net soos ek is en glo U sal my aanvaar net soos ek is en my nuut maak deur U reinigende Heilige Gees. Ek glo en bely met my mond dat Jesus Christus as ek gesterf het as sondaar en opgestaan het as ek sodat ek God se kind kan wees. Vergewe asseblief al my sondes en al my ongeregthede. Ek aanvaar nou op grond van U woord dat U my vergewe en dat ek van hierdie oomblik af U kind is. Dankie Here, Amen.

